CACHET

APTEEK

U PLUS APTEEK

Tomstraat 92

die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.

JAARGANG XXXI NOMMER 10 — VRYDAG 21 MEI 1976

PUKKE!

Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:

Johan Claassen Broers

# Karnaval in Ritme

## KYK DUBBEL TELEVISIE

„WOW! Vergeet-My-Nie het Karnaval gewen!" Dit was al wat 'n verbaasde eerstejaar van Vergeet-My-Nie kon uiter nadat sy die nuus gehoor het. Vergeet-My-Nie het verlede week die ander dameskoshuise van die PUK lelik in die stof laat byt en met die Televisiestel weggestap nadat hulle die meeste punte met reklamesette vir Karnaval ingesamel het.

### 200 PUNTE

DIT was ook nie naelskraap of blote geluk nie; dit was met tweehonderd punte; „Hoe het ons die reggekry Reklamesette en nogmaals reklamesette. Maar wag, moet nou nie die boer die kuns afvra nie, hoor".

Vergeet-My-Nie was net oral. Hulle het by kafees en padkafees en kafees bedien, in die Uitsleep gesing, kaartjies saam met ruikers gestuur en wie weet wat nog alle. Ná dese is hulle en ook die PUK goed bekend in Johannesburg, Sasolburg, Parys, Klerksdorp en selfs tot in Durban.

Hoewel die beoordelaars van die Kaap Na Rio Vergeet-My-Nie se JAWS TRULY nie juis raakgesien het nie, het die televisie se nuusdiens tòg. Vergeet-My-Nie het aan alles deelgeneem en die gesonde gees vanjaar het tydens karnaval 'n hoogtepunt bereik.

### KLOOSTER

VERGEET-My-Nie het reklame gemaak, nie net vir hulle koshuis nie, maar bowe al vir die PUK. Hulle sê hulle is eerste PUKKE en dan dames van Vergeet-My-Nie.

„Om saam met Klooster vlot te bou is 'n fees'. Vergeet-My-Nie het dit baie geniet om saam met Klooster se manne vlot te bou en is baie dankbaar vir Klooster se bydrae om hulle karnaval groot te maak.

Vergeet-My-Nie verdien dit deur en deur om Karnaval te wen want wat jy saai sal jy maai!



DIE ALGEHELE WENNERS (Foto: Hendrik Bosman)

Wapad Redaksie-vergadering: Die lede van die Wapad redaksie word herinner om 'n redaksievergadering op Dinsdag 25 Mei om 13h00 in Kamer 16 Frans du Toitgebou.

# UNIVERSITEITSRAAD BESLUIT

**DIE Raad het op sy vergadering van 7 April 1976 die volgende sake behandel.**

*Benoemings:*

- Dr. G. P. L. van der Linde deur die Kieskollege van die Gereformeerde Kerk beroep as professor in Kerkreg en Kerkgeskiedenis vanaf 1 Februarie 1976.
- Dr. J. J. van der Walt deur die Kieskollege van die Gereformeerde Kerk beroep as professor in die amptelike vakke vanaf 1 April 1976.

*Benoeming nuwe departementshoofde:*

- Prof. H. Venter as departementshoof van die departement Afrikaans-Nederlands in die plek van prof. P. D. van der Walt, wat ontheffing gevra het.
- Mnr. J. P. van Brakel as waarnemende departementshoof van die departement Geografie vir 1976.
- Prof. M. E. Botha as waarnemende departementshoof van die departement Kultuurkunde.

*Delegasie vanaf die Vrije Universiteit Amsterdam:*

- Verslag in die verband sal later gelewer word.

*Verkeerde voorbereiding vir vraestel en verkeerd lees van eksamenrooster:*

- Die Raad het besluit dat studente wat vir die verkeerde vraestel vir die betrokke eksamen voorberei het en studente wat hulle eksamenrooster verkeerd lees en na die vasgestelde datum vir die eksamen opdaag, onder geen omstandighede weer 'n kans gegee sal word om die eksamen op 'n later datum af te lê nie.

*Verskuiwing van klasse*

- Die Raad het besluit dat klasse onder geen omstandighede sonder die toestemming van die Rektor verskuif mag word nie.

*Besparingsmaatreëls:*

- Die Raad het in die lig van die huidige inflasietoestand op die volgende besparingsmaatreëls besluit:

1. Dat die instelling van nuwe poste vir 1977 drasties beperk word.
2. Wanneer poste vakant raak, moet dit baie ernstig oorweeg word of dit noodsaaklik is dat hulle opgevul word.
3. Die minimum bevordering van personeellede vir 1977 sal oorweeg word.
4. 'n Ernstige beroep word op personeellede gedoen om groter produktiwiteit te lewer.
5. Elke Dekaan word versoek om 'n opgawe van werksaamhede van alle fakulteits- en departementele tiksters aan die Rektor voor te lê.
6. Amptelike reise, sport- en studente-ekskursies moet drasties besnoei word.
7. Amptelike onthale moet ingekort word.

*Ingebruikneming gebou Vaaldriehoek:*

Die Raad het besluit dat die gebou by die Vaaldriehoek na voltooiing amptelik in gebruik geneem word. Die Minister van Nasionale Opvoeding sal uitgenooi word om as spreker by dié geleentheid op te tree. Die funksie sal op 15 Oktober plaasvind.

# Duits aan die universiteit

TAAL is 'n vaardigheid en die aanleer daarvan brus op oefening en gebruik. Anders as wat in sommige ander dissiplines die geval mag wees, is die universiteit en die skool t.o.v. taalonderwys ten nouste met mekaar gemoeid want taalstudie is maar een deurlopende groeiproses. T.o.v. die standaard van sy rekrute belewe die Departement van Duits teenswoordig 'n krisis, maar dit sal hoegenaam geen doel dien as universiteit en skool mekaar oor en weer begin beskuldig nie. Die universiteit het 'n plig teenoor die skool en moet homself afvra of hy hierdie plig nakom.



Prof. L. R. Tönsing

Benewens onderwysersopleiding behoort die universiteite ook nog ten nouste met die onderwys-departemente te skakel en doelgerigte vakmetodiese navorsing vir die onderwys te onderneem. Die universiteit behoort die skool van raad te bedien t.o.v. leergange, meting, die keuse van voorgeskrewe werke e.d.m. Die universiteit behoort geskikte leerboeke vir die skool te skrywe. Hiervoor is nodig dat departemente van Duits van alle universiteite in voortdurende spanwerk en in opdrag van die Minister van Nasionale Opvoeding die taak gesamentlik onderneem.

Die natuurlike of direkte metode van taalonderrig beroep hom op die wyse waarop die kind sy moedertaal leer, d.i. sonder enige kennis van 'n taalreël. Daar is egter belangrike verskille tussen die situasie van die kleuter wat sy moedertaal leer en dié van die hoërskoolleerlinge wat Duits as 'n derde taal aanleer. By laasgenoemde ontbreek alle natuurlike gemotiveerdheid, hy is uiters min blootgestel aan taal. Ook is die dertienjarige nie meer bereid om die taal naïef — d.w.s. deur nabootsing en na analogie van wat hy gehoor het —te leer nie, maar hy wil die reël weet en die taal via die intellek deur insig leer. Verder verskil Duits ook nog radikaal van Afrikaans en ook van Engels deur sy veel ingewikkelder struktuur en sy veel groter rykdom aan fleksies en uitgange. Al hierdie faktore neig daartoe dat dit onnatuurlik en dwaas sou wees om in ons taalonderwys nie van die taalreël gebruik te maak nie. In vergelyking met die kleuter is die intellek van die 13-jarige ver ontwikkel. Dit is 'n groot hulp by die ontdekking en toepassing van 'n taalreël. Daarenteen ervaar die vroeë adolessent blote nabootsingsonderrig en koorpraat as 'n belediging vir sy intelligensie en word gefrustreerd. Daarom kan die bitalige metode in ons huidige opset nie slaag nie. Vir die onderwys van tienjariges mag hierdie metode meer geskik wees. Die universiteit behoort ook verder aan nog daarvoor te pleit dat die onderwys van Duits reeds in standerd 3 'n aanvang behoort te neem.

T.o.v. die literatuurkritiek het die Potchefstroomse Universiteit as 'n Christelike universiteit 'n besondere taak en verantwoordelikheid. Gedurende die afgelope vyftig jaar het kritici verskillende norme toegepas. In die dertiger jare is alles vanuit die kultuur-historiese gesigspunt beoordeel. In die vyftiger jare is gepoog om alle letterkunde werk-immanent te beoordeel. Die outologiese maatstaf het gekom en gegaan, en vandag word alle letterkunde vanuit die sosiale aspek beoordeel. Teenoor veranderende norme waarmee die gesekulariseerde universiteit 'n skynbaar veranderde wêreld beoordeel, stel die Christen 'n onveranderlike norm, Jesus Christus. Dat ons Universiteit ook op hierdie gebied 'n verpligting het en 'n bydrae moet lewer, is duidelik.

die WAPAD
(Geaffilieer by A.S.P.U.)

# Plig of prestasie?

**WAAR ons nou staan in die môre van 'n nuwe era, kan die geleentheid homself beswaarlik meer vanpas voordoen om die rigting waarin ons gaan beweeg eenduidig uit te stippel. 'n Eie studentekoerant wat deur die student daargestel is om deur die student gebruik te word. Hieraan voldoen ook ons eie studentekoerant. Geen student kan homself dus distansieer van die koerant nie, juis omdat dit om hom en deel van hom is.**

**Om reg en billikheid te laat geskied moet enigeen toeganklik wees vir kritiek. Ook hier is ons geen uitsondering nie. Hierdie kritiek moet egter van sodanige aard wees dat dit nie verleentheid veroorsaak nie, maar moet gefundeerd wees op verantwoordelike bydrae tot die uitbou van die koerant enersyds, en andersyds tot die ontplooiing van 'n voorbeeldige studentegemeenskap.**

**Selde tevore het die wekroep om leiding op ander kampusse so dringend en luid geklink as juis nou. Daar is studente-organisasies wat hul voortbestaan krities analiseer, andere moet juis nou met die uiterste diplomasie te werk gaan. Verantwoordelikheid moet dus steeds aan die dag gelê word.**

**Vandag kyk ons met kritiese oë na alles en almal. Blote vanselfsprekende aanvaarding bestaan daar nie meer nie. Prestasies word belangriker geag as verpligtinge. 'n Eie selfgenoegsaamheid bloei op grond van wat ons k a n doen en 'n sedelike onverskilligheid bestaan ten opsigte van wat ons w i l doen. Steeds moet egter in gedagte gehou word dat ons prestasies nie die vraag na ons gedrag enigsins opskort nie.**

**Selfstandigheid kan dus nie die besef van onderworpenheid van verpligtinge wat van buite onsself, deur Hom, aan ons opgelê is, vervang nie. Dit bly 'n duur waarheid dat volkome vryheid juis lê in gehoorsaamheid aan die wette van ons bestaan.**


**Laat ons ten slotte sê ons gun andersdenkendes om van ons te verskil; ons gun andersdenkendes 'n eie opinie; ons verwag van andersdenkendes om standpunt in te neem; maar ons eis vir onsself hierdie reg ook onverbiddelik op.**

# Waar staan wie?

**BAIE GELUK aan Vergeet-my-nie en Over-de-Voor met hul oorwinnings tydens Karnaval. Hoe die ander koshuise gevaar het, is op hierdie stadium ongelukkig nog nie beskikbaar nie, maar ons hoop om eersdaags 'n volledige puntestand van al die koshuise te publiseer. Nogeens, baie geluk.**




# Hoe dan nou?







# WIE, WAT, WAAR?

„IN die Kollig" is 'n rubriek wat voortaan gereeld in die Wapad sal verskyn. Enige student wat 'n opinie wil uitspreek is welkom om dit voor te lê vir plasing. Dit word beklemtoon dat hierdie nie noodwendig die gevoel of standpunt van die redaksie weerspieël nie, maar dat dit 'n eie persoonlike opinie is. Juis as gevolg hiervan word die werklike naam van die skrywer aangegee.

Voornemende skrywers moet asseblief daarop let dat die rubliek 'n minimum van 300 en 'n maksimum van 400 woorde moet bevat.

# Wie het gesê tye verander

**„SO noodsaaklik soos die bloedsomloop vir die liggaam is, so noodsaaklik is die sirkulasie van gedagtes vir 'n volk.**

Die sirkulasie van gedagtes: dis die vrye uitspreek van eie mening en die aandagtige luister na die mening van ander, sodat 'n wisselwerking ontstaan . . . en mettertyd miskien 'n wederkerige begrip en 'n mate van gemeenskaplike oortuiging; dit is die ‚oop gesprek' nie alleen tussen individue nie, maar ook tussen groepe. En hiersonder is geen gesonde politieke lewe moontlik nie.

Oral in die wêreld sien 'n mens vandag kragte aan die werk teen hierdie oop gesprek. En dit sou 'n groot fout wees om hierdie kragte alleen in totalitêre state te soek. In lande wat as sterk demokraties beskou word, bestaan presies dieselfde neiging: hier sien ons partye en godsdienstige groepe sake so reël dat hul aanhangers alleen die ‚regte' menings te hore kry; die getroue lid van 'n groep lees alleen ‚sy eie' koerante en skrywers, stuur sy kinders na ‚sy' skool, luister na ‚sy' radiouitsending . . . en kry byna geen geleentheid vir die botsing teen ander menings nie, wat die grondslag van alle mensekennis is. Mettertyd word dit selfs as slegte maniere beskou om, by die seldsame kontakte met andersdenkendes, sake op te haal waaroor daar verskil van mening kan bestaan. En so word die afsluiting binne 'n eie wêreldjie volmaak. Geen storende ‚vreemde' gedagte kan ooit meer daar binnedring nie."

„'n Mens moet maar twee boere van verskillende partye oor die politiek of oor kerksake hoor stry, om te weet dat die ‚oop gesprek' by ons nog nie begin doodgaan het nie."

Die aanhalings kom uit 'n artikel „Geestelike Bloedsomloop", geskryf deur N. P. van Wyk Louw in die rubriek „Die oop Gesprek" wat 'n rubriek was in die Huisgenoot. Die uitgawe is dié van 14 September 1951.

Wie het gesê tye verander . . .?

I. M. Snyman.

**WESVALIA BOEKHANDEL**
ONS HET NET
WAARNA U SOEK
KOM OORTUIG USELF
Posbus 20060
Tomstraat 84 POTCHEFSTROOM Tel. 6660
—WP

# Uit die Woord

**Lees: Exodus 20 : 12; Efes. 6 : 1—4.**

## GESAG GEHANDHAAF

*ONS veg vir die behoud van 'n stukkie aarde wat ons ons eie kan noem, waar ons self die septer kan swaai en waar ons ons gesag kan handhaaf. Dit is op hierdie punt waar ons teen die Kommunistiese magte te staan kom omdat hulle na wêreldoorheersing streef. Een van hulle metodes om hierdie doel te bereik, is die ondermyning van gesag. Een permissiewe geslag is die Weste se Achilleshiel waardeur die Kommuniste gaan neem wat hulle wil hê sonder om een enkele geweerskoot af te vuur. Die vraag ontstaan hoe ons hierdie swak en kwesbare plek kan pantser? Die antwoord daarop is deur die handhawing van gesag. Die gesagsonderdaan sowel as die gesagsdraer moet die beeld van sy Skepper vertoon. Die werkwoord in die vyfde gebod, nl. „eer" beteken dat iemand „swaar" of „gewigtig" geag word. Ons kry iets daarvan in die Afrikaanse uitdrukking „iemand is sy gewig in goud werd".*

*Dit spreek natuurlik vanselfself dat hierdie mense wat so swaar by ons moet weeg of tel jou vader en jou moeder moet wees, nie net omdat hulle so baie vir 'n mens doen nie, maar omdat dit God behaag het om hulle in daardie posisie teenoor ons te stel. Dit gaan dus nie om hulle as persone nie, maar om die amp wat hulle beklee. Hulle is egter nie die enigste twee persone wat met gesag beklee is nie. Sondag 39 van die Heidelbergse Kategismus stel dit ondubbelsinnig: „almal wat oor my gestel is". Aan hulle moet ek eer, liefde en trou bewys.*

*Kortom, die absolute eis in ons Godsdiens is gehoorsaamheid. (1 Sam. 15 : 22). Omdat God self agter die gesagsdraer staan, gaan dit ten diepste om die onderwerping aan Christus en Sy oppergesag. Dan kry ons gesag wat gehandhaaf word.*

*Hierdie gebod het ook 'n belofte. Vir die Israeliet sou dit ten gevolg hê dat hy 'n lang lewe in die land Kanaän sou hê. Vandag wil God ons op ander maniere seën. 'n Geordende samelewing waar gesag gehandhaaf word, bring in die algemeen seën en voorspoed te weeg.*

*Om gesag te handhaaf moet 'n mens self so gehoorsaam wees. Indien u self alreeds 'n ouer is en u dalk probleemkinders het, kinders wie die lewe vir die onderwyser veronaangenaam, of voor wie se woede-uitbarstings u dikwels bevrees moet kapituleer, moet u uself die vraag afvra in hoe verre dit u eie skuld is. „Verbitter" u nie dalk u kind deur onbillike en onbarmhartige behandeling nie? Die eis om u kinders deur dissipline en vermaning op te voed kan sleg gehandhaaf word deur sel aan u Here gehoorsaam te wees. Alleen dan word dit nie 'n karikatuur van gesag nie maar 'n „tug en vermaning van die Here." Eers as dit in die gesindheid van Jesu Christus geskied, word dit 'n liefdesdaad en word daar uit voer aan hierdie gebod gegee*

*Dit is gelukkig vir ons, ni 'n eis wat in die lug bly han nie, maar ons kan en moet di nakom soos wat Hy Homsel eenmaal „verneder het deu gehoorsaam te word tot di dood toe" (Fil. 2 : 8). Deur dat Jesus Christus gehoor saam was en so die straf o ons, ons ongehoorsaamheid ons rewolusie-gees op Hom geneem het, kan ons ook ge hoorsaam wees en die beloft van 'n ewigdurende lewe h op 'n nuwe aarde wat deu 'n nuwe hemel oorspan sa word.*


*Dan gaan dit nie vir ons om ons behoud en onafhanklik bestaan nie, maar om Jesu Christus en Sy Koninkryk Immers dan kan ons ook deu Sy Gees bid: Here, maak m gehoorsaam, want nie my wi nie, maar U wil geskied — U wil waardeur U die gesa handhaaf.*




# Musikaal



Viets, fyn, fraai en vrolik. (Foto: Johan van Jaarsveld.)



Amper raak of amper mis? (Foto: Hendrik Bosman.)



Lekker roomys né!
(Foto: Hendrik Bosman.)




Is hulle nie pragtig nie? (Foto: Johan van Jaarsveld.)



Strepe net waar jy kyk.




Die kat was ook daar. (Foto: Hendrik Bosman.)



Daar's beter maniere om uit te klim. (Foto: Hendrik Bosman.)

# Karnaval








Versigtiger wees volgende keer. (Foto: Hendrik Bosman.)

Net-net gemaak. (Foto: Hendrik Bosman.)




(Foto: Hendrik Bosman.)



Pukynse Romeine. (Foto: Hendrik Bosman.)



Vat net van my roomys. (Foto: Hendrik Bosman.)



5, 4, 3, 2, 1, 0, weg's julle! (Foto: Hendrik Bosman.)



Hier gaan ons! (Foto: Hendrik Bosman.)

# *'n Eie internasionale taal?*

**GEBRUIK u die metrieke stelsel as u klere koop of petrol ingooi? Hoekom dan nie ook ESPERANTO nie?**

ESPERANTO is naas Duits, die mees verwante taal aan Afrikaans. Esperanto kan deur enige Afrikaans-sprekende in 5% van die tyd en moeite geleer word, wat vir enige ander taal se aanleer nodig sou wees.

## VANWAAR?

Esperanto, die internasionale hulptaal, wat deur dr. L. L. Zamenhof van Warskou gevorm is, het in 1887 verskyn. Sy doel is nie om die moedertaal as tweede taal vir elkeen te staan nie. In die moderne, internasionale verkeer, sowel gewoon as saaklik en geestelik, vir tegniese uitvindings, spesiaal vir die radio, vir internasionale kongresse, ens., is Esperanto die aangewese taal en word dit dan ook as sodanig reeds gebruik.

'n Verklaring van 27 voortreflike lede van die Franse Wetenskaplike Akademie sê die volgende omtrent Esperanto: „'n Standaardwerk van logika en eenvoudigheid."

Dis 'n neutrale taal, wat geen nasionale gevoelens beledig nie. Dit vorm daarom 'n ideale brug tussen die verskillende volke.

Esperanto open vir u die hele wêreld. Waar u ook kom sal u oral persone vind, met wie u, u in Esperanto kan uitdruk.

Esperanto bestaan nie net in teorie nie, maar is 'n lewende taal. 'n Mens hoef nie bang te wees dat dit in dialekte sal verval nie, want 'n Taalkomitee en 'n ‚Akademie' — albei in Parys gevestig — waarvan die lede vooraanstaande Esperantiste is, kontroleer voortdurend die evolusie van die taal en sorg daarvoor, dat die fundamentele prinsipes daarvan bewaar bly.

DIE BESTANDDELE VAN DIE INTERNASIONALE TAAL ESPERANTO

Die Alfabet.

a, b, c, c, d, e, f, g, g, h, h, i, j, j, k, l, m, n, o, p, r, s, s, t, u, û, v, z.

Die klinkers a, e en o word almal effens kort uitgespreek. Die mede-klinkers word soos in Afrikaans uitgespreek met die volgende uitsonderings: c word uitgespreek as ts (as Tasar); c word uitgespreek as tsj; g word uitgespreek as gh (gholf); g word uitgespreek as dzj (gentlemen); j word uitgespreek as zj; h word uitgespreek as g; word uitgespreek as sj (sjieling); v word uitgespreek as w.

Die klinker u klink soos oe, terwyl aû en eû uitgespreek word as aau en eeu.

Elke woord moet gelees word soos dit geskrywe staan. Die klemtoon val altyd op die voorlaaste lettergreep: vojo, kantado, interparolo.

Hoe lyk dit Pukke? Gaan ons nie bietjie probeer nie. Sodra ons dit magtig is, kan ons mos lekker in die buiteland gaan toer sonder om enigiets te vrees. Ons is mos dan 'n erkende taal magtig. Toe Pukke, vir ons intelligente klomp is dit mos niks.

Vir verdere inligting kontak

Mnr. P. P. Krüger,
Tomstraat 51,
(Tel: 4562).

# *HOEKOM DAN SENSUUR?*

**DAAR is sommige skrywers, publiseerders en andere wat beweer:**

* Sensuur plaas 'n handrem op skrywers se oorspronklikheid,
* Fotos wat kuns is word as pornografies beskou,
* Uitgewers is vreesbevange om werke uit te gee,
* Sensuur is besig om ons letterkunde dood te druk,

maar sensuur is juis ingestel om;

* nie alleen die regering nie, maar uself te beskerm,
* miskien besit u die oordeel om te kan besluit waarna u mag kyk, wat u mag lees, maar daar is gene wat nie oor die oordeel beskik nie,
* sensuur beskerm u nie alleen teen walglike sekslitératuur nie, maar ook teen kommunistiese propaganda, geweld en opstokery van rassehaat,
* Statistieke bewys dat lande waar sensuur afgeskaf is, 'n tyd van chaos, onstabiliteit en agteruitgang beleef,

en wat sê die wet?

* dat die strewe van die volk om 'n Christelike lewenspatroon te handhaaf by die toepassing van die wet erken word. Dit hou egter ook in dat andersoortige godsdienste beskerm sal word.

Nou vra ons onsself af, is die sensors onbuigbaar en subjektief?

* die sensors handel nie na persoonlike smake nie, en lê nie die sedes neer nie,
* wel peil hulle die gemeenskapsopvatting en handel aan daarvolgens, so veranderlik is die sensors se oordeel, (daarom kan elke verbode stuk na 2 jaar hersien word)
* d.w.s. so veranderlik die gemeenskapsopvatting en verder, wat is die sensors se norm en kriterium?
* Die geheelopvatting van die gemeenskap word oorweeg,
* hul oordeel deur 'n bril van opvoedkundige woorde van 'n stuk, (geestelik verrykend — nie pedagogies nie)
* elke foto, publikasie of film word in die eie konteks beoordeel waarin dit verskyn ('n Naak meisie om radios te adverteer is dus taboe)

maar onthou, die sensorraad is afbrekend,

* vir kommunisme, anargiste,
* besoedelde skrywers
* en winsbejagte tydskrifte.

(Bogenoemde met erkentlikheid vanaf die Universiteit van Pretoria).

# Rakende studente

**DAAR het 'n behoefte ontstaan na die ondersoek van 'n paar sake wat elke student op die kampus raak; naamlik:**

1. Die Akademiese skakeling met die Senaat.
2. Die eksamineringsmetode.
3. Die verband tussen die standaard van die student en die druipsyfer.
4. Die verband tussen Sport en Akademie.
5. Die Akademiese toestande in die koshuise en die biblioteek.

Die voorsitter van die Akademiese Raad, mnr. Riaan van der Walt het drie Ad-hoc kommissies saamgestel om eers die terrein van ondersoek te bepaal!

Die eerste drie sake is deur een ad-hoc kommissie ondersoek en Dave Streicher het as konvenor opgetree. Die vierde saak is onderleiding van mnr. Theo Cloete en die vyfde saak onder leiding van Susan de Wet ondersoek.

Na die finale verslag gelewer is, is daar op 'n Akademiese Raadsvergadering besluit dat daar wel 'n behoefte is, aan 'n deeglike ondersoek in verband met sekere van die sake wat reeds genoem is.

Daar is toe twee kommissies van ondersoek ingestel. Dave Streicher is as konvenor van die Kommissie aangestel wat ondersoek sal instel na die Akademiese skakeling stussen die Senaat en die verband tussen die standaard van die student en die druipsyfer. Die lede van die komitee is Annatjie Pauley, Ilse Kühn, Adrie Burger en Eddie van Wyk. Theo Cloete is as konvenor van die Kommissie aangewys wat die verband tussen Sport en Akademie, plus probleme in sy studierigting, asook metode van onderrig te ondersoek. Die lede van die komitee is Francois van Heerden, Riaan van der Walt, Hazel Rossouw, August Storbeck, André van der Walt, en Johan Venter.

Die ondersoek in verband met die eksamineringsmetode het bepaal dat ons metode baie doeltreffend is en geen verdere ondersoek is nodig nie.

Die komitees is nou druk besig met die ondersoek, en daar sal gereeld berigte in die Wapad verskyn om die massa op hoogte te hou van die vordering van hierdie ondersoeke. As daar enige aanbevelings van die massa se kant af is, sal dit verwelkom word. Dit kan in bussie no. 43 by die Sentrale Studenteraadskantoor geplaas word.

**ONTHOU:**
**Alle S.S.R.-VERGADERINGS is ope vergaderings en kan deur enigeen bygewoon word.**



de&S 81203/A

# Pen, kwas & kamera

## Drama voer op

**PAUL ZINDEL: The effect of gamma rays on man-in-the-moon marigolds.**

PAUL ZINDEL se drama „The effect of gamma rays on man-in-the-moon marigolds" is opgevoer deur die departement Spraakleer en drama van die Potchefstroomse Universiteit. Op party aande was daar meer as een opvoering, en die belangstelling en waardering was so groot, dat bowendien nog bykomende opvoerings gereël moes word. Dit het begin op 3 April en het geduur tot die 15e van hierdie maand.

Die opvoering was in Afrikaans, maar daar is besluit om die Engelse titel te behou op die program, want die vertaling van die titel in Afrikaans gee moeilikheid. Dit gaan juis om marigold-blomme, wat nie goed weergegee word in die Afrikaanse titel wat die naaste daaraan kom nie: Die invloed van gammastrale op man-in-die-maan-Afrikanerblomme.


Zindel se drama het reeds bekendheid verwerf in Amerika en ander lande. Dit is 'n baie sterk naturalistiese stuk, in die gees van die Franse naturalistiese werk aan die einde van die vorige eeu, toe die banale, gore werklikheid in al sy ellende en wreedheid ontgin is, as reaksie teen die Romantiek wat dit voorafgegaan het in die Europese en Engelse letterkunde. Dit bring die verborge, weersinwekkende en gedegenereerde lewe in volle beligting na die voorgrond. Zindel se drama is nou juis daarin belangrik, dat dit die weersinwekkende werklikheid afweeg teen die romantiese droom — en die droom laat triomfeer.

Die drama vertel die verhaal van 'n vrou, Beatrice, wat kom uit die laer, verarmde en vervalle maatskaplike stand. Sy het getrou op aandrang van haar arm vader, bloot om iemand te vind wat vir haar in haar materiële nood kan sorg ná die vader se dood. Die huwelik was 'n mislukking. Die broodwinner sterf en laat Beatrice agter in ellendige omstandighede, met twee dogters wat uit die huwelik gebore is. Die oudste dogter is Ruth, en die jongste is Tillie. Beatrice, Ruth en Tilly voer 'n volkome asosiale en maatskaplike afgesonderde bestaan. Beatrice pas 'n seniele ou vrou, Nanny, uit 'n ander familie, op, om op hierdie manier 'n inkomste te verdien. Die oudste dogter Ruth is 'n brutale kind wat aan 'n senusiekte ly. Tilly is net die teenoorgestelde van Ruth: sy is 'n sagsinnige en buitengewoon intelligente kind, wat deur wetenskaplike én poëtiese drome daarin slaag om bo die maatskaplike en materiële ellende van die gesin uit te styg, maar die ma en suster beskou haar as 'n dwaas. Tilly wil graag skoolgaan, maar die ma hou haar uit die skool uit. Tilly het op skool onder invloed van die natuurwetenskaplike onderwys onder die betowering gekom van die fisika, onder andere deur die bestraling van blomsaad met kreatiewe effek. Haar verwondering oor die atoom is sowel 'n intellektuele verwondering oor die skepping van God as 'n poëtiese en godsdienstige droom.

Op hierdie manier ontstaan daar in die drama 'n felle kontras tussen aan die een kant die afskuwelike werklikheid waarbinne die gesin lewe en die mooi en wonderbaarlike dinge van die skepping aan die ander kant. Die konflik van die drama berus op hierdie kontras, wat 'n geweldige dramatiese krag aan die stuk gee. Tilly en haar droom staan alleen teenoor al die ander karakters: die sosiale en persoonlike ellende van haar moeder Beatrice, die karaktergebreke en senusiekte van haar suster Ruth, en die seniliteit van die ou vrou Nanny.

Drie waardes word deur die drama na die voorgrond gebring. Eerstens wys dit vir ons dat dié mens soos Tilly met haar skeppende verbeelding, haar skeppende verstand én gemoed, die ergste weerstande kan oorwin, en dit geld vir baie groot of belangrike dramas, dat hulle bevredig, omdat hulle werk met die oorwin van weerstande. Tweedens sien ons in hierdie stuk dat die afskuwelike dinge van die lewe, wat dikwels die stof is van die goeie drama, oorwin kan word as daar 'n korrektief voor gevind word. In hierdie geval is die geloof in die wonders van die skepping van God die genesende mag wat die ellendigheid van die lewe oortref.

Derdens kom dit alles daarop neer dat in die goeie drama, soos dit dikwels die geval is, iets in sy teendeel omgesit word. Die negatiewe dinge word in iets positiefs omgesit.



## KAMERA



(Foto: Hendrik Bosman.)

## Wat is kuns?

HOEKOM het jy daardie mooi prent teen die muur van jou kamer gehang? Of hoekom het jy nou juis daardie das vandag by jou groen hemp aangetrek?

Elke mens het 'n sin vir skoonheid, al is dit onbewustelik of al dink hy hy weet niks van „kuns" af nie. Kuns is om jou en in jou en elke mens kan dit waardeer al is almal nie 'n kunsskepper nie.

Die Puk se kunsvereniging bestaan met die hoofdoel om meer mense bewus te maak van iets waaroor hy reeds beskik. Dit word gedoen deur mense te kry om die iets wat hulle van kuns weet aan die studente te kom vertel, en (groot feeste) daar word uitstappies gereël na kunsuitstallings in die stede. Of anders gaan almal saam vir 'n daglank iewers in die natuur uitspan waar daar stil en rustig oor kuns besin word.

Dit maak nie saak watter vorm die kunsvereniging se aktiwiteite aanneem nie, een ding staan soos 'n paal bo water: almal geniet dit! Alle studente is welkom om by die vereniging aan te sluit of die byeenkoms by te woon. Daar is juis Woensdagaand die 19de Mei weer 'n vergadering wat beloof om baie interessant te wees. Kom luister gerus en hou ook sommer die kennisgewingborde dop vir die vrolike plakkate vir ander byeenkomste.

## Ope uitnodiging

ONS nooi alle Pukke uit om iets vir die kunsblad te stuur. Ons Pukke beskik mos oor baie potensiaal. So, hoe lyk dit, Pukke? Beproef tog asseblief die penne, kwaste en kameras. Al hierdie bydraes kan in die posbus van „Die Wapad" geplaas word voor Sondagaand 10 uur. Ons maak regtig staat op u samewerking, Pukke.

## Pen


### Reis: uit 'n lied vir de Gurion

(Adagio)
tussen steedsverslingerde dae
en die nagmusiek van dolfyne
balanseer ons wiegend
op die oseaan
na die wilde kus van Afrika

in die na-nag op die agterdek
het die maan
neergely langs die mas
en die seebries oost gewaai
na waar die haweliggies in die
verte gloei.

(Beulah Greyling),
Voorsitter: Skrywerskring.

## Kamera



(Foto: Hendrik Bosman)

**Terwyl jy vir jou studie sorg, sorg die Standard Bank vir jou.**

Studentplan is 'n sak vol finansiële skemas wat deur die Standard Bank ontwerp is om die lewe vir studente makliker en aangenamer te maak.

1. Studentelening skema. Lenings tot R4 000 teen ongelooflike lae rentekoerse met maklike terugbetalings.
2. Gratis maandelikse ekonomiese Oorsig van die Standard Bank. Noodsaaklike leesstof vir enigeen wat in die ekonómie en die sakewêreld belangstel.
3. Stanza, spesiale versekeringspolis vir studente. Lewensdekking en beleggingsvoordele. Premies so laag as R2,80 per maand.
4. Studentespaarrekening. Geen kostes nie. Tot R100 per week kan by enigeen van ons 860 takke getrek word.
5. Tjekrekening. Alle rekenings kan per tjek of aftrekorder betaal word. 'n Nuttige statussimbool vir 'n student.
6. Plusplan-rekening. Minimumsaldo van R500, met stewige rente op daaglikse saldo bereken. Aftrekorder-fasiliteite.
7. Flexirand-beleggingsertifikate. In eenhede van so min as R100, en jy kan tot 90% van die bedrag wat jy belê het, terugleen. Jy trek hoë rente, maar die geld is nog steeds tot jou beskikking wanneer jy dit nodig het.

Daar's nog baie meer voordele aan Studentplan verbonde – te veel om hier te noem. Maak 'n draai by die naaste Standard Bank en kry 'n brosjure met volledige besonderhede.

Standard Bank


Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Geregistreerde Handelsbank)

Op die Standard kan u staatmaak

LINTAS SB/11737/202/A



# SPORTFOKUS



## Valskerm

# Hoe werk dit?

**1 000 . . . 2 000 . . . gaan hy oopgaan . . . — 3 000 — asseblief, hoekom is een sekonde dan so lank? 4 000 — 'n rukbeweging en die ewigheid gaan staan stil vir een minuut, terwyl die valskerm stadig afdaal grond toe.**

Die Puk se valskermklub is besig om radikaal te ontwikkel. Daar is tans twintig aktiewe springers waarvan vyf dames is en vier mans wat reeds op vryval is. Hulle wend elke naweek hul skrede na die P. C. Pelser lughawe naby Stilfontein.

Wanneer 'n valskerm gepak word, word dit baie noukeurig gedoen en word dit drie maal nagegaan voordat die springer die vliegtuig verlaat. Die veelkleurige materiaal wat die boonste gedeelte vorm, word in 'n langwerpige sak gesteek. Die toutjies waaraan die springer in sy harnas hang, word in sekere hoeveelhede bymekaar deur 'n hele aantal rekkies gedruk. Dit word dan alles opgevou en binne in 'n sak toegemaak. 'n Draad met 'n handvatsel aan word deur gaatjies gedruk wat die sak sal oopruk sodra die handvatsel getrek word. Die noodvalskerm kom bokant die groot valskerm.

Die harnas word om die skouers en tussen deur en om die bene vasgegespe en 'n valhelm word opgesit.

In gesprek met instrukteur, Schalk van der Merwe, 'n man met sowat 700 spronge en baie ondervinding agter die rug, kom die kwessie van vrees ter sprake. Volgens hom is die vreeselement van groot belang — geen mens wat vir die eerste keer spring, is vreesloos nie — dit sou onnatuurlik wees. Die groot probleem ontstaan wanneer die instrukteurs so bevoeg raak dat hulle nie meer die angs van die jonger springers kan verstaan nie. Dié sport is nie so gevaarlik nie, maar 'n standaardopleiding is noodsaaklik, reëls en regulasies moet nagkom word en die feit dat daar van beproefde toerusting gebruik gemaak word, bied groot versekering.

Op 1 000 voet word die springers wat met statiese lyn spring ('n lyn wat aan die vliegtuig en aan die valskerm gekoppel word en dus die valskerm outomaties ooptrek), afgestuur.

Op hierdie stadium moet die springer natuurlik weet hoe om met 'n valskerm te werk, hoe om uit te spring en hoe om landings te doen. Die instrukteur let op die windsterkte, spoed waarteen die vliegtuig beweeg en veral na die pyl op die grond waarvoor die springer moet mik. Wanneer hy alle elemente gunstig vind, beveel hy die loods om die enjins te smoor en die handrem op te trek (ten einde die springer in staat te stel om op die wiel te staan). Die springer word beveel om sy voete by die vliegtuig uit te sit; daarna klim hy uit op die wiel en hou aan 'n pyp vas.

Hy kyk na die instrukteur wat op sy beurt hom op die knie tik en beveel om te spring. Die springer span sy lyf in 'n boog, tel tot by 5 en trek sy valskerm oop. Indien die skerm nie oopruk nie, sal die noodvalskerm sy werk doen.

Mettertyd, soos die mense se bedrewighede toeneem, val hulle verder afstande voordat hulle die skerms ooptrek, vorm hulle sterre waarby sowat vyf plus mense by betrokke is, let hulle meer op styl, rol agteroor, draai in die rondte . . . kortom hulle doen enige moontlike ding in die lug wat geen mens ooit op aarde sal waag nie.

Die valskermmense leef vir die oomblik dat hulle kan spring. Soos een meisie dit gestel het: Dit is 'n sensasie wat onbeskryflik is — dit is soos 'n ongeluk — jy weet daar gebeur iets, maar jy weet nie presies wat nie.

En as hulle die dag nie kan spring nie, speel hulle met vlieërs . . .

# *SPORTKALENDER*

## MANSHOKKIE

### Eerste liga

**22 Mei:**
P.U. teen Weermag 2, Weermag A 15h45.

**12/6:**
P.U. teen Lichtenburg, Lichtenburg, 14h30.

**19/6:**
P.U. teen Klerksdorp 2, P.U. A veld, 14h30.

**24/7:**
P.U. teen Weermag 2, Weermag, 14h30.

**7/8:**
P.U. teen Strathvaal 2, P.U. A veld, 14h30.

**14/8:**
P.U. teen P.O.K., P.U. A veld, 15h45.

### Tweede liga

**22 Mei:**
P.U. teen P.O.K., Weermag B 14h30.

**26/5**
P.U. teen Tegnies, Tegnies, 14h30.

**9/6**
P.U. teen P.O.K., P.U., 14h30.

**16/6**
P.U. teen Tegnies, P.U., 14h30.

**19/6**
P.U. teen Viljoenskroon, P.U. A, 15h45.

**7/8**
P.U. teen Vaalreefs 2, P.U. B, 14h30.

## DAMESHOKKIE

**A-AFDELING**

**24/4**
P.U. I @ Vaal Reefs I, 15h20, Klerksdorp.
P.U. II @ Klerksdorp I, 14h00, Klerksdorp.

**1/5**
P.U. I @ Klerksdorp I, 14h15, Orkney.
P.U. II @ Potch. Dorp, 15h20, Orkney.

**5/6**
P.U. 1 @ C.J.O.G., 14h00, P.U.-velde.
P.U. II @ Vaal Reefs, 15h35, P.U.-velde.

**12/6**
P.U. II @ C.J.O.G., 14h00, Olënpark.

**19/6**
P.U. I @ Dorp, 14h00, Olënpark.
P.U. II, los.

**3/7**
P.U. I @ P.U. II, 14h00, Olënpark.

**24/4**
P.U. III, los.

**8/5**
P.U. III @ P.O.K. III, 14h30, P.U.-velde.

## RUGBY

**B-LIGA**

**22 Mei**
Dawie Dup @ Over-de-Voor, A-veld, 9,30 vm.
Drakenstein @ Tokkelokke, B-veld, 9.30 vm.
Hombré @ Dorp, C-veld, 9.30 vm.
Klooster @ Caput, C-veld, 9.30 vm.

**5 Junie**
Over-de-Voor @ Tokkelokke, C-veld, 9.30 vm.
Drakenstein @ Dorp, D-veld, 10.45 vm.
Hombré @ Caput, D-veld, 9.30 vm.

## Spane-klub

SES Pukke het die Transvaal Kampioenskappe bygewoon en ook daaraan deelgeneem. Oor die algemeen het die Pukke goed gevaar en Saal de Jager het weereens die Transvaal-span behaal. Ons wil sommer van die geleentheid gebruik maak om hom geluk te wens.

In die 500 m K2 vir dames het Estelle Müller en Amor van Niekerk 'n derde plek behaal. Die 500 m K1 vir mans is deur Saal gewen. Saam met Chris Greeff van Weermag het Saal dan ook in 'n K2 oor die afstand van 500 m tweede geëindig.

Saal en Chris Greeff het weer 'n tweede plek behaal in die 1 000 m K2 en 'n gemengde K4 span het ook aan die 1 000 m deelgeneem en hier het Gert van der Walt die Pukke verteenwoordig.

Volgende maand gaan 'n baie bedrywige maand wees vir die Kano-klubs, want daar gaan drie wedvaarte plaasvind. Die P.U. Kano-klub gaan op al drie hierdie wedvaarte verteenwoordig wees.

Belangstellendes wat graag by die P.U. Kano-klub wil aansluit, is nog steeds baie welkom. Elke middag vanaf vieruur is die lede by die dam bedrywig en daar kan u maklik met die klub in aanraking kom.

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Potchefstroom.*

**Ons man op die kampus het 'n spesiale aanbod vir jou.**

„Ek nooi u uit om in verband met die Studieleningsplan met my te kom gesels".
ANDRÉ JOUBERT



**Barclays Nasionaal se spesiale studie-leningplan vir studente en gegradueerdes.**

1. **Studielenings:** Tot R3 000 +: om jou te help om jou studies te voltooi.
2. **M.B.A.-studielenings:** Tot R3 500 vir enige student wat vir 'n MBA-kursus aanvaar is.
3. **Studente:** Tot R500 tydelike finansiering vir onverwagte uitgawe.
4. **Gegradueerdes** R1 500: bystand aan gegradueerdes totdat hulle diens kan aanvaar.
5. **Persoonlike Lenings (Studente):** Tot R3 000: vir studente vir tandheelkunde en ander professionele beroepe om toerusting te kan finansier.
6. **Persoonlike Lenings (Gegradueerdes):** Tot R6 000: om pasgekwalifiseerde prokureurs, advokate ens. met 'n eie praktyk te help.
7. **Spaar- en lopende rekeninge.**

DIE BULT TEL. 6171
—WP.

**WELKOM . . . !**

**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**

*„die Potchefstroomse boekhandel"*

**Tomstraat 86 — Tel. 8875 — Potchefstroom**
—WP

Woon môre die
**A.S.B.-KONGRES**
by oor
DIE PERS
en
SENSUUR

**DAARTEEN:** Prof. J. v.d. Vyver
**DAARVOOR:** Prof. B. Duvenhage.
**POLITIEKE SENSUUR:**
Prof. Pienaar.